

# Dinsdag 5 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:12-20

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:12, 19-20

## Is jy dalk 'n slaaf?

Vryheid is 'n snaakse ding. Dit is iets waaraan ons nie veel aandag gee nie tensy dit van ons af weggevat word.

Vir 'n gelowige het vryheid natuurlik 'n belangrike betekenis. Ons is vrygemaak van ons sondige natuur. Dit beteken ons wil nou die Here dien. Tog let ons nie altyd op die wonder van hierdie vryheid wat ons besit nie. Ons leef asof ons nog steeds slawe van die sonde is. Ons kan baie keer nie die verskil tussen gelowiges en ongelowige se lewens sien nie ...

Van die gelowiges in Korinte het uit die heidendom gekom. Ongetwyfeld was hulle in 'n stad en nog gewoon aan al die "lekker/luukse" dinge wat die stad hulle gebied het. Hulle was gewoon aan tempelprostitusie, dronk partytjies en allerhande ander dinge.

Hulle het nou verskonings gesoek om daarmee aan te gaan. Hulle verskonings klink baie bekend vir ons. Maar Paulus het verskillende argumente waarom hierdie gelowiges hulle vryheid juis prysgee deur hulle gedrag. Sy argumente is:

- Nie alles goed is vir jou nie. Sonde maak ons seer. Dink net aan die gevolge van moord, buite-egtelike verhoudings, ensovoorts.
- Jy kan nie maar net doen wat jy wil nie, want deur dit te doen, raak jy 'n slaaf van die sonde. Dit vernietig jou lewe. Paulus weier om homself weer 'n slaaf te maak. Christus het Hom vrygemaak.
- Die Here is ook Here oor jou liggaam.
- Jou liggaam is deel van Christus se liggaam, die kerk. Daarom wil jy anders lyk.

Dit is dus duidelik wanneer jy sonde doen, vernietig jy jou eie liggaam. Daarom wil jy oor jou sonde heers. Maar wanneer jy ingee, heers jou sonde oor jou en ervaar jy nie meer die vryheid van verlossing in Christus nie. Ons was slawe van die sonde en is vrygemaak, maar ons kan weer slawe raak. Moenie jou vryheid verruil nie.

*Sing: Psalm 1-1:2, 3*

*Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)*